

Luister en Leer – Notas vir die gemeenskapsanalise span

Hoe om 'n gemeenskapsanalise te doen

1. **Waarom is 'n analise van ons omliggende gemeenskap so belangrik?**

- Omdat God 'n sending in ons wêreld het

God openbaar Homself in sy Woord aan ons as 'n missionale God (*missio Dei*). Dit beteken dat die Drie-enige God in Christus en deur sy Woord en Gees in ons en rondom ons lewend teenwoordig en aan die werk is. Deur die skepping en onderhouding van lewe, die gee van kos aan hongeres, die gesondmaking van siekes, die vergifnis van sonde en die vrymaking van mense, is God aktief in ons eie omgewing besig om die nuwe wêreld waarvoor Christus gesterf en opgestaan het (of anders gesê: die koninkryk van God), tot stand te bring en te vestig.

- Omdat God ons innooi om by sy sending aan te sluit

God is nie vir die totstandkoming van sy koninkryk van ons afhanklik nie, Hy doen dit omdat Hy is Wie Hy is. As missionale God nooi Hy ons egter uit om Jesus te volg en deel te word van sy beweging van heling, hoop en vrede in ons wêreld. Daar word nie van ons verwag om alles in die wêreld self reg te maak nie, maar om te onderskei wat God reeds besig is om te doen en hoe ons daarby kan aansluit. Soos met die twee en sewentig (Lukas 10:1-11) onderskei ons waarheen God op pad is, wie die mense is in wie se lewens Hy reeds aan die werk is, wat Hy van plan is om daar te doen en hoe ons daarby kan aansluit.


- Omdat God 'n unieke belofte en voorkeurtoekoms vir ons gemeente en dorp het

Omdat elke gemeente en gemeenskap uniek is, het God 'n unieke belofte en voorkeurtoekoms vir elke gemeente en gemeenskap. Geen gemeente kan alles vir almal wees nie. God het elke gemeente uniek gevorm en voorberei vir die unieke roeping wat Hy vir daardie gemeente binne sy unieke konteks het. Daarom is dit vir elke gemeente so belangrik om hul eie en spesifieke roepingsfokus te onderskei. Hoe duideliker ons fokus, hoe beter sal ons in staat wees om getrou te wees aan die unieke roeping wat God vir ons as gemeente het in die dorp en omgewing waar Hy ons geplaas het.

2. **Die onderskeiding van ons eie roepingsfokus**

Vir die ontdekking van ons eie en unieke roepingsfokus, het ons nodig om 'n antwoord op drie vrae te soek: 1. Wie is God?, 2. Wie is ons?, en 3. Wie is ons gemeenskap? Ons eie unieke roepingsfokus lê waarskynlik waar ons antwoord op hierdie drie vrae mekaar ontmoet.

Ons kan dit skematies so voorstel:



Die analise van ons eie konteks is dus 'n wesenlik belangrike stap in die proses om ons eie roepingsfokus te ontdek. Ons doen dit deur aan die volgende vrae aandag te gee:

- Wie lewe in hierdie gemeenskap?
- Wat is hulle lewensomstandighede?
- Wat kan ons by hulle leer?
- Watter gawes het hulle?
- Watter vrae vra hulle?
- Wat is hul behoeftes?
- Wat is vir hulle belangrik?
- Wie is die onsigbares, die verwerptes, die wat op die rand van die gemeenskap lewe?
- Watter oortuigings het hierdie mense oor God?
- Watter oortuigings het hulle oor die kerk?
- Wat motiveer hulle?
- Waaroor is hulle bekommerd?
- Wat bring vir hulle vreugde?

Dit is belangrik om te onthou dat ons die gemeenskap wil leer ken omdat God vir hulle lief is. God se droom is dat ons met hulle 'n nuwe geloofsgemeenskap sal vorm en so saam deel word van sy heling en vrede in ons wêreld. Ons lê dus by voorbaat alle vooroordeel af en tree met 'n oop gemoed in hulle leefwêreld in.

3. Waarop fokus ons analise?

Dit is belangrik om tegelykertyd 'n prentjie te kry van die **nood** en van die **gawes** van ons omliggende gemeenskap.

Nood: Wat is die unieke nood in ons eie konteks. Wie is honger, naak, dors, siek, vreemdelinge en gevangenes in ons gemeenskap? Wie is die randfigure wat deur niemand raakgesien word nie? Watter disfunksionele verhoudinge is kenmerkend aan ons gemeenskap? Watter sosio-ekonomiese omstandighede gee aanleiding tot misdaad en afhanklikheid?

Die lys kan oneindig aangevul word. Dis veral belangrik om patrone in die gemeenskap te onderskei.

Gawes/Bronne: Oor watter gawes of bronne beskik die gemeenskap wat hulle reeds in staat stel om hulle eie omstandighede aan te spreek en te hanteer. Hierdie gawes en bronne kan onder andere insluit:

- Die vaardighede wat individue en gemeenskappe reeds ontwikkel het om in hulle eie omstandighede geseënd en gelukkig te kan wees;
- Suksesvolle en innoverende intrepeneurs en talentvolle kunstenaars in die gemeenskap;
- Toegewyde inwoner assosiasies, byvoorbeeld kerke, kultuurgroepe, klubs, ens.;
- Hulpbronne tot beskikking van die gemeenskap, byvoorbeeld sakeondernemings, skole, biblioteke, kolleges, diensorganisasies, bedieninge, ens.

'n Fokus op die gawes en bronne binne gemeenskappe, help ons om te onderskei watter geleenthede die Gees vir ons skep om met hierdie gemeenskap hande te vat en nuwe verhoudinge met hulle te bou? Waarby kan ons aansluit? Wat kan ons by hulle leer?

Terselfdertyd bevry so 'n benadering ons by voorbaat van 'n paternalistiese houding. Ons los ons skoene, reissakke en beursies (Lukas 10:1-11) by die huis en ontmoet die gemeenskap waar en soos hulle is. Ons verwag dat die Gees vir ons oop deure sal skep om met die gemeenteskap vennootskappe te bou en hande te vat. Ons weet dat ons in hierdie proses net soveel by die gemeenskap sal leer as hulle by ons. En ons verwag om self deur ons ontmoeting met hulle deur die Gees verander te word!

4. Hoe moet die eindproduk lyk?

Die leierspan is besig om die gestuurde fokus van die gemeente te onderskei. Hiervoor is duidelike en praktiese inligting nodig wat 'n duidelike prentjie gee van die bestaande nood en gawes van die gemeenskap. Wat is die eie unieke nood van ons gemeenskap? Watter gawes en bronne het die Gees reeds aan hierdie gemeenskap gegee? Watter patrone kan ons raaksien?

5. Stel 'n span saam om die analise te doen

- Stel 'n span saam wat die analise kan doen. Ses tot agt spanlede maak die taak maklik.
- Wandel as span in Mat. 25:31-46. Bedink Jesus se beskrywing van nood van sy tyd (honger, dors, vreemdelingskap, naaktheid, siekte, gevangenis). Watter kategorieë sal ons vandag skep om menslike nood te beskryf?
- Lys die persone of instansies wat daaglik betrokke by die nood in ons gemeenskap?" (bv. Lede van die SAPD, welsynwerkers, skoolhoofde, dokters, mediese personeel, sakepersone, ens.).
- Lys die gemeenskapsorganisasies wat reeds daaglik in die gemeenskap betrokke is by dienslewering of hulpverlening.
- Taak lede van die span om na elkeen van die verskillende persone, instansies en gemeenskapsorganisasies te gaan met 'n vraelys (voorbeeld hieronder) om die nodige inligting te verkry.

Voorbeeld:

Lys van persone, instansies en gemeenskapsorganisasies by wie die inligting verkry gaan word en wie dit gaan verkry.

Spanleier: Naam

Naam van Instansie:

- **Welsyn:** Naam van spanlid wat daarheen gaan
 - **Plaaslike Regering:** Naam van spanlid wat daarheen gaan
 - **ACVV:** Naam van spanlid wat daarheen gaan
 - **NWO's:** Naam van spanlid wat daarheen gaan
 - **Skole:** Naam van spanlid wat daarheen gaan
 - **Ander geloofsgemeenskappe:** Naam van spanlid wat daarheen gaan
 - **SAPD:** Naam van spanlid wat daarheen gaan
 - **Hospitale:** Naam van spanlid wat daarheen gaan
-

6. Voer die onderhoude en versamel die data

Die volgende stap is om die onderhoude te voer. 'n Voorgestelde vraelys word aan die einde aangeheg.

Versamel die nodige inligting aan die hand van die volgende vrae:

- Wat is nou jou mening die nood in ons dorp en omgewing?
- Hoe sou jy die omvang van die nood beskryf?
- Oor watter gawes (kundigheid, vaardighede, hulpbronne) beskik die gemeenskap na jou mening om die nood te hanteer of te verlig?
- Binne watter geografiese area kom die nood veral voor?
- Wie is reeds in die gemeenskap betrokke om die nood van die gemeenskap aan te spreek en te verlig?
- Is daar na jou mening verdere hulp nodig? Indien ja, beskryf die hulp benodig.
- Wie kan geskakel word indien meer inligting nodig is?
- Wie is die informele leiers in die gemeenskap? Verskaf asseblief die name en kontakbesonderhede, indien moontlik.

7. Verwerk die data in 'n hanteerbare formaat

Verwerk die data in 'n hanteerbare en narratiewe formaat ooreenkomstig sekere hoofkategorieë wat onderskei kan word.

Voorbeeld:

Nood = armoede

- Plakkerskamp = 60 gesinne – om en by 270 mense met broodsgebrek. Hulle word reeds deur die AGS en NWO “Love is Kind” bedien. Geen verdere hulp is nodig nie.
- In blok 7, 9, 11 is daar 32 gesinne met daaglikse broodsgebrek – hulle word deur die RK-Kerk bedien en nog hulp is nodig. Hulle het die gawe daar om met hoop te kan lewe en daar is onvoorwaardelike aanvaarding en gelykheid op alle vlakke.
- QC informele woongebied. Daar is 179 families, waarvan 97 families ’n broodwinner het. Hulle ondersteun die res van die inwoners. Hulle behoeftes is aan werkverskaffing en vaardigheidsontwikkeling. Die gawes daar is ’n positiewe en optimistiese lewenshouding, aangrypende onderlinge versorging en ’n besondere waardering vir engeen wat verhoudings wil bou.

Nood = Disfunksionele gesinne

- Die skool het ons van die name van 27 gesinne voorsien wat disfunksioneel is, moontlik vanweë ’n lae opvoedingspeil. Die resultaat is ’n hoë aantal tienerselfmoorde en tienerswangerskappe. Gesinne het die gawe om as ’n gesin bymekaar te bly ten spyte van groot uitdagings.

Gawes = Versorging

- Daar is twee informele voorskoolse versorging eenhede met 60 kinders elk. Die volwassenes het wonderlike verhoudings met die kinders.

Gawes = Werk skepping

- Daar is ’n informele organisie met drie lede wie se voltydse roeping dit is om werk te skep. Hulle het uitstaande kreatiewe gawes en die vermoë om effektief te kan netwerk.
-

8. Ontvangs deur die kerkraad

Die span bespreek die verslag, finaliseer dit en oorhandig die dokument aan die begeleidingspan of kerkraad wat die opdrag gegee het.

9. Beplan ’n retrait en prioritiseer die uitdagings

Indien die gemeenskapsanalise deel is van ’n onderskeidingsproses om die gestuurde fokus van die gemeente te bepaal, sal die volgende stap waarskynlik wees om ’n eerste luisterplons (Praktyk #22) in die gemeenskap te gaan doen. Dan is dit belangrik dat die die begeleidingspan en kerkraad ’n gesamentlike retrait beplan waartydens die uitdagings wat in die gemeenskapsanalise geïdentifiseer is, geloofsonderskeidend geprioritiseer kan word. Die eerste luisterplons word dan by die eerste uitdaging gedoen. Eers nadat dit duidelik is dat daar nie vir die gemeente ’n oop deur na hierdie spesifieke gemeenskap is nie, word ’n volgende plons by die gemeenskap wat met die volgende uitdaging verband hou, beplan.

Vraelys

XX Gemeente / Kerk – Konteksontleding

Instansie / Persoon wat besoek word: _____

Wat is nou jou mening die nood in ons dorp en omgewing?

Hoe sou jy die omvang van die nood beskryf?

Oor watter gawes (kundigheid, vaardighede, hulpbronne) beskik hierdie gemeenskap na jou mening om die nood te hanteer of te verlig?

Binne watter geografiese area kom die nood veral voor?

Wie is reeds in die gemeenskap betrokke om die nood van die gemeenskap aan te spreek en te verlig?

Is daar na jou mening verdere hulp nodig? Indien ja, beskryf die hulp benodig.

Wie kan geskakel word indien meer inligting hieroor nodig is?

Wie is die informele leiers in die gemeenskap? Verskaf asseblief die name en kontakbesonderhede, indien moontlik.